# SKRIF EN KERKORDE

A. Celliers[1] en P.J. Strauss[2]

## ABSTRACT

## SCRIPTURE AND CHURCH ORDER

The church is continuously called upon to listen to the Word of God so that, under the guidance of the Holy Spirit, it can remain church in and for its time, as God intended it to be. The Word presents a unique, complex, and multifaceted image of the church. This reflects the dynamic way in which the Lord enables His church to be church in its specific circumstances. This multifaceted image of the church elicits certain constants that form the outlines of the nature and order of the church. As far as the organisational aspects are concerned, it is important to realise that Jesus Christ is the structure of the church, and that He sees to it that it is being served in an orderly fashion. Every member has a God-given responsibility within the church, and existing ministries have the responsibility to instruct the congregation in the teaching of the gospel in particular. This enables the congregation to adhere to its calling for obedience, love, and witness, so that the church can continue to exist. The outlines of the nature and order of the church should be addressed in all church orders to avoid pragmatism and arbitrariness on the one hand, and to create space for the various demands of local circumstances on the other.

## 1. ’N GESTOLDE SKRIFBEROEP

Die gereformeerde kerkreg het op enkele uitsonderings na[3] sedert die reformasie bloot bly debatteer oor die presiese interpretasie van gevolgtrekkings wat in die sestiende eeu vanuit die Skrif oor God se orde vir sy kerk gemaak is (vgl. Kleynhans 1982, 1984, 1985, 1988, Spoelstra 1989 en Van der Linde 1983 as enkele Suid-Afrikaanse voorbeelde). Dit terwyl hierdie sestiende-eeuse gevolgtrekkings vandag deur baie teoloë en predikante bevraagteken word in die lig van groot

1 Dr. A. Celliers, Predikant NG Kerk Swartruggens, Posbus 63, Swartruggens 2835; Doktorale student, Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300. E-pos: bcel@absamail.co.za

2 Prof. P.J. Strauss, Hoof: Departement Ekklesiologie, Fakulteit Teologie, Posbus 339, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein, 9300. E-pos: straussp.hum@mail.uovs.ac.za

3 Vergelyk Bronkhorst (1947) en Smit (1984, 1985).

veranderinge wat die afgelope paar eeue in die bibliologiese vakke plaasgevind en in die laaste vier dekades ook in Suid-Afrika, en in besonder in Nederduitse Gereformeerde Kerk-geledere, neerslag gevind het (Celliers 2003:iii; Deist 1994:iii, 261-313; vgl. bv. Banks 1980 en Brown 1984). Alhoewel daar nog nie navorsing oor gedoen is nie, en dit dus nie empiries bewys kan word nie, bestaan die oortuiging tog dat dit wat Nederduitse Gereformeerde Kerk-predikante die afgelope twee of drie dekades in die bibliologiese vakke geleer het, ernstige vraagtekens laat ontstaan het oor die Skrifberoep in die kerkreg. 'n Skrifberoep wat, soos reeds geïmpliseer, sedert die sestiende eeu nog nie veel verander het nie. Gepaardgaande hiermee, en moontlik ook as gevolg hiervan, is daar vanuit die praktiese teologie modelle ontwikkel wat in 'n mindere of meerdere mate verskil van die wyse waarop die kerk volgens byvoorbeeld die huidige Nederduitse Gereformeerde Kerkorde behoort te funksioneer (vgl. Heyns 1992, Nel 1994:260 en Potgieter 1997:21ev.). Van hierdie modelle is dan deur sommige gemeentes gedeeltelik of in geheel oorgeneem, terwyl die kerkorde self geïgnoreer of selfs doelbewus een kant gelaat word (Janse van Rensburg 1998:83ev.).

Die vraag kan gevra word of die hedendaagse kerkreg met sy gestolde Skrifberoep nog 'n relevante wetenskap vir die kerk is. Dit is in hierdie verband insiggewend dat 'n wye verskeidenheid publikasies wat die afgelope tyd in Suid-Afrika alleen oor kerk- en gemeentewees verskyn het, geen kerkregpublikasie in hulle bronnelyste opgeneem het nie. Twee voorbeelde uit BUVTON se stal is *Gemeentes in die kragveld van die Gees* (Burger 1999) en *Draers van die waarheid* (Burger & Nell 2002). Dit, terwyl gevolgtrekkings gemaak is wat kernsake in die gereformeerde kerkreg direk raak en wat wel aan die orde is in die kerkregtelike debat. Gaan kyk ook hoeveel artikels van kerkregtelike aard die afgelope tien jaar in die *NGTT* alleen verskyn het. En min hiervan vind hulle weg tot plaaslike publikasies vanuit 'n praktiese teologiese hoek oor die kerk.[4] Die gevolg van hierdie toedrag

4 Sedert 1993 het daar elf artikels vanuit die kerkreg in die *NGTT* verskyn. Gedurende dieselfde tydperk het daar ook elf artikels vanuit die praktiese teologie oor verskillende aspekte van kerklike ordening of bediening verskyn. In hierdie elf artikels is slegs sewe publikasies vanuit die kerkreg in die bronnelyste opgeneem.

van sake vir die hedendaagse debat oor die kerk is 'n toenemende verwydering tussen dit wat in die praktyk van kerkwees plaasvind en die fungerende kerkorde. Die resultaat in die praktyk is oorbekend — 'n groter wordende verwarring op kerklike terrein, 'n al verder wegbeweeg van die gereformeerde kerkinrigting en 'n gepaardgaande lippediens aan die kerkorde. Daarom is dit hoog tyd dat die kerkreg indringend selfondersoek instel na die wyse waarop hy sy teologie beoefen (vgl. Nel 1994:260). En, om in die toekoms geloofwaardig te wees, moet dit op die regte plek begin. Vanuit die gereformeerde denkstruktuur kom dan die grondige oortuiging dat een van die kerk se basiese verantwoordelikhede is om voortdurend op 'n verantwoordelike manier te bly luister na die Skrif. Die metodes en resultate van heersende — en hier is die woord "verantwoordelike" weer aan die orde — eksegese en bibliologiese teologie moet dus deur die kerkreg vir die orde van en in die kerk diensbaar gemaak word.

Billikheidshalwe moet bygesê word dat die kerkreg nie alleen skuldig staan nie. Van die nuwe modelle wat veral uit praktiese teologiese hoek ontwikkel het, werk eensydig met die Skrif, en sommige staan selfs op wankelrige Skriftuurlike bene (Celliers 2003:331). Sommige se oorsprong lê dan ook eerder in die bestuurswetenskappe en sosiologie as in die Skrif self (vgl. Hendriks & Van der Merwe 1995 en Kotze 1987). Hoe dit ook al sy, benewens 'n ernstige en deurlopende gesprek met die Bibliologiese wetenskappe, is dit ook dringend noodsaaklik dat die kerkreg en die praktiese teologie, asook die dogmatiek met mekaar in gesprek tree.

## 2. DIE SKRIF BLY DIE PRIMÊRE BRON VIR 'N KERKORDE

### 2.1 'n Veelkantige beeld van die kerk in die Skrif

Die belangrikste rede waarom dit noodsaaklik is dat die kerkreg (en ook die praktiese teologie) sal bly luister na die Skrif, is die feit dat dit nog altyd vir gereformeerdes die gesaghebbende en primêre bron vir elke aspek van ons lewe, en daarom ook vir die vraag na die kerk en sy orde, is (Strauss 1991b:33). Soos reeds hierbo gesê is, het die Ou- en Nuwe-Testamentiese wetenskappe sedert die sestiende eeu

geweldig ontwikkel en met nuwe en belangrike insigte na vore gekom, insigte wat ook die vraag na die kerk en sy orde wesenlik raak. Een van die ontwikkelinge wat in hierdie verband wesenlik belangrik is, is die besef dat die verskillende boeke van die Bybel, asook die verskillende korpusse waarin hulle gegroepeer kan word, elkeen sy eie teologiese blikpunt en inhoud het.[5] Dit is uit verskeie moderne werke uit die Ou en Nuwe Testament sedert die laaste helfte van die vorige eeu, ook werke wat spesifiek oor die kerk en sy orde handel, duidelik (vgl. bv. Brown 1984, Giles 1995, Schnackenburg 1974, Schweizer 1961). In dieselfde verband is die insig dat agter elke geskrif in die Nuwe Testament (en op ’n gekwalifiseerde manier die Ou Testament) ’n gemeente lê aan wie die geskrif geadresseer was en dat elke skrywer en redaktor sy eie kerkbegrip gehad het, baie belangrik (vgl. bv. Brown 1984). Wat die kerk betref, beteken dit dat elkeen van hierdie korpusse of boeke ’n unieke blik op die kerk en sy orde na vore laat kom. Die Skrif in sy geheel teken dus ’n veelkantige beeld van die kerk, ’n beeld wat soms uiteenlopende en selfs teenoorgestelde kante vertoon (Brown 1984:146; Celliers 2003:326ev.).

Om enkele voorbeelde te noem:

(a) In die Pastorale Briewe is die kerk ’n stewige en goedgeorganiseerde bolwerk vir die waarheid (Pelser 1995:669), ’n waarheid wat vas en seker is en nie geherinterpreteer hoef te word nie (Engelbrecht 1995:685). In Lukas-Handelinge word daar egter ’n baie groter openheid vir verandering na gelang van omstandighede duidelik, ook wat die moontlikhede om die Evangelie te herinterpreteer, betref (Celliers 2003:77, 82, 92).

(b) Daar is in die Pastorale Briewe sprake van gevestigde bedieninge wat die volle verantwoordelikheid vir die bediening in die gemeente moet aanvaar terwyl die sogenaamde gewone lidmate net bedien moet word (MacDonald 1988:209). Hierteenoor is daar in die Pauliniese briewe ’n wye verskeidenheid bedieninge wat ’n baie

5 Vir die die doel van hierdie artikel word die Nuwe Testament in die volgende korpusse verdeel: Matteus, Markus, Lukas-Handelinge, die Pastorale Briewe, Efesiërs-Kolossense, die res van die Pauliniese Briewe saam, Openbaring, die res van die Johannese Geskrifte saam, Hebreërs, Jakobus, 1 Petrus en 2 Petrus en Judas saam (vgl. Celliers 2003).

oop karakter vertoon (vgl. Celliers 2003:137evv., 141evv.). Letterlik elke lidmaat het ook 'n bedieningsverantwoordelikheid (Celliers 2003:138, 140). In Matteus weer speel alle vorme van bediening deur lidmate 'n baie klein rol, terwyl Jesus Christus self geteken word as die eintlike "Ampsdraer" in die kerk (Celliers 2003:58evv.; Combrink 1980:98).

(c) Die Johannese Geskrifte vertoon baie sterk individualistiese trekke (Celliers 2003:97evv.), terwyl die Pauliniese Briewe weer die gemeenskaps- of korporatiewe aard van die kerk beklemtoon (Celliers 2003:119evv.; Dunn 1998:534, 550ev.).

(d) Efesiërs-Kolossense lê baie klem op die universele karakter van die kerk (Schweizer 1961:106), terwyl die Pauliniese Briewe feitlik net die gemeente as plaaslike gestalte van die universele kerk in die oog het (Celliers 2003:132, 149).

(e) Die sogenaamde diakenbediening kom slegs by name in Paulus se Brief aan die Filippense en die Pastorale Briewe voor, terwyl Lukas-Handelinge vertel van die instelling van 'n bediening wat die weduwees van 'n sekere deel van die gemeente moes versorg sonder om dit spesifiek 'n naam te gee (Handelinge 6; Schweizer 1961:45, 74). In die res van die Nuwe Testament kom die sogenaamde diakenbediening of glad nie of so ver onder die oppervlakte voor, dat geen werklike afleidings gemaak kan word nie.

(f) In die Pauliniese Briewe word die ouderlinge slegs in die Brief aan die Filippense genoem, sonder om uit te wy oor die inhoud daarvan (Celliers 2003:143). In Lukas-Handelinge funksioneer die ouderlinge eintlik as die opvolgers van die apostels as die draers van die Evangelie en vervul hulle moontlik ook 'n toesighoudende of herderlike funksie (Handelinge 15 en 20; Celliers 2003:88evv.), terwyl in Jakobus slegs verwys word na hulle charismatiese bediening van genesing (Jakobus 5:14ev.). In die Johannese geskrifte vervul die ouderling 'n onderrigfunksie onder leiding van die Heilige Gees (1 Johannes 2:27; Brown 1982:679ev.). In die Pastorale Briewe moes hulle ook onderrig gee, maar ook leiding neem en dissipline uitoefen (Brown 1984:34). In 1 Petrus bestaan hulle opdrag uit die oppas, toesig en leiding van die gemeente, 'n gesaghebbende herderlike funksie (Celliers 2003:195ev.; Giles 1995:166).

Uit hierdie voorbeelde, asook uit ander gegewens uit die verskillende korpusse in die Skrif (vgl. bv. Brown 1984, Celliers 2003, Pelser 1995, Schweizer 1961) kan afgelei word dat die kerk nie orals presies dieselfde gelyk en eenders gefunksioneer het nie. Brown (1984: 19, 146) het in hierdie verband in sy boek *The churches the apostles left behind* die insiggewende opmerking gemaak dat, toe die apostels wat 'n sentrale en rigtinggewende rol in die eerste gemeentes gespeel het, van die toneel begin verdwyn het, die gemeentes verskillende opsies uitgeoefen het om die probleem die hoof te bied. Van hierdie opsies het dan beter gewerk as ander en daarom het byvoorbeeld die Pastorale Briewe se model oorleef en het die Johannese model verdwyn (Brown 1984:46, 123). Of daar met Brown saamgestem kan word of nie, die feit is dat verskillende omstandighede en eise, en moontlik ook verskillende persoonlikhede, tot gevolg gehad het dat gemeentes van mekaar verskil het. Vir die huidige omstandighede en tyd is dit nogal belangrik. Dit is moontlik dat dit dalk in bepaalde omstandighede selfs noodsaaklik kan wees dat 'n gemeente sekere aspekte van kerkwees oorbeklemtoon ten koste van ander. In byvoorbeeld die tyd van die reformasie was die beskerming van die suiwer leer waarskynlik belangriker as enige iets anders en het dit 'n bepaalde eensydigheid in die kerklike ordening teweeg gebring (Celliers 2003:330). So is die belangrike verhoudings- en missionêre aspekte van gemeentewees uiteindelik verwaarloos.

## 2.2 'n Geheelbeeld van die kerk in die Skrif

Dat so 'n eensydige beklemtoning van die Skrifgegewens bloot as noodweer (vgl. Celliers 2003:330) en nie as die ideale toedrag van sake beskou kan word nie, behoort as vanselfsprekend te geld. Die Skrif is immers 'n eenheid. Dit is tog dieselfde Gees wat elke Bybelskrywer en redaktor gelei het in sy werk (Celliers 2003:1, 202; Potgieter 1990:22, 24, 26). En dit is tog dieselfde Here wat die oorsprong van sy kerk op alle plekke en tye is (Celliers 2003:203). Daarom die oortuiging dat daar vanuit die veelkantige beeld van die kerk in die Skrif ook 'n bepaalde geheelbeeld van die kerk en sy orde na vore kom (Celliers 2003:202). Daar is bepaalde dinge wat in elkeen van die verskillende gemeentes, asook in die verskillende beelde van die volk van God in die Ou Testament gegeld het. Hierdie dinge of

konstantes behoort ook te alle tye in alle gemeentes te geld en moet daarom as die raamwerk vir alle kerkordes beskou word — in elk geval as 'n voorwaarde vir die aanspraak om 'n kerkorde te wees wat op die Skrif as geheel gegrond is (Celliers 2003:220evv.). Uiteraard sal die verskillende konstantes op verskillende maniere in 'n kerkorde ter sprake kom. So byvoorbeeld sal die kwessie dat die kerk sy oorsprong by God vind tog op 'n heel ander manier in 'n kerkorde ter sprake kom as die feit dat die Woordbediening sentraal moet staan.

Dit is egter nie so eenvoudig soos wat dit klink om die konstantes uit te lig en hierdie geheelbeeld te teken nie. Die Skrif is immers nie in die eerste plek geskryf as 'n bloudruk vir die kerk en sy orde nie (Celliers 2003:219ev., 322; Strauss 1997:24). In baie gevalle is die kerk as onderwerp slegs by implikasie aan die orde. Soms word dit as vanselfsprekend aanvaar dat die veronderstelde lesers weet waarvan gepraat word. Daarby maak die unieke aard, die omvang en die doel van elkeen van die verskillende geskrifte in die Bybel dit ook nog moeiliker. In 'n Evangelie wat die verhaal van Jesus Christus vertel, kom die kerk immers net by implikasie aan die orde. En in 'n kort briefie soos Judas met sy skerp gerigtheid teen dwaalleer, sal daar baie min van die gemeente aan wie die brief gerig is, of die skrywer se kerkbegrip, aan die orde kom. Hierdie werklikhede lei uiteraard daartoe dat die geheelbeeld wat van die kerk geteken word nie noodwendig uit dinge hoef te bestaan wat in letterlik al die korpusse of boeke na vore kom nie (Celliers 2003:202). Dit behoort egter verteenwoordigend genoeg te wees om 'n geloofwaardige geheelbeeld te vorm. Daarby moet die besondere aard, omvang en doel van die betrokke geskrif ook in die interpretasie van die feite 'n deurslaggewende rol te speel. Hierdie toedrag van sake verskaf alreeds goeie rede waarom die kerkreg nie mag ophou om na die Skrif te luister nie, en dan die Skrif as geheel (Celliers 2003:326; Jonker 1965:31).

Voordat ons kan verder gaan, moet twee sake wat hierbo slegs by implikasie aan die orde gestel is eers nader toegelig word. In die eerste plek is dit belangrik om ook die Ou Testament deeglik in berekening te bring in die vraag na die kerk en sy orde (Celliers 2003: 3). Uiteraard moet dit gekwalifiseer word, want Jesus Christus se koms het gewis 'n nuwe tydvak ingelei in die geskiedenis van God se volk in die wêreld. Daar is dus 'n bepaalde diskontinuïteit tussen

Israel en die kerk wat nie uit die oog verloor mag word nie. Maar Israel was wel God se volk wat onder sy leiding 'n bepaalde karakter vertoon het en op 'n bepaalde manier georganiseer was. En uit die Nuwe Testament is dit duidelik dat die kerk ook op bepaalde en selfs verskillende maniere so aan Israel verbind word dat dit duidelik is dat daar ook 'n kontinuïteit tussen die twee is wat nie buite rekening gelaat mag word nie. Die feit dat Israel 'n deur God geordende gemeenskap is, asook die sentrale plek wat Woordbediening en geloofsgehoorsaamheid binne Israel ingeneem het, kan hier as voorbeelde genoem word (Celliers 2003:15ev., 21ev., 38evv.).

In die tweede plek is dit belangrik om daaraan vas te hou dat dit die Bybel met sy ses en sestig boeke is wat die gesaghebbende Woord van God is (Celliers 2003:1). So belangrik as wat die argeologie, die sosiologie en die historiese wetenskappe vir die verstaan van die teks is, is dit nie die veronderstelde gemeenskappe agter die teks wat die gesaghebbende beeld van die kerk is nie, maar die beeld wat deur die teks self geteken word. Om byvoorbeeld Weber, die baie bekende sosioloog, se sosiologiese modelle te gebruik, kan bruikbaar wees om die teks beter te verstaan, maar die gevaar, soos dit onder andere hier en daar in MacDonald (1988) se boek, *The Pauline churches. A socio-historical study of institutionalization in the Pauline and deutero-Pauline writings*, na vore kom, is dat sosiologiese modelle in die teks ingedra kan word in 'n poging om 'n rekonstruksie van die gemeenskap agter die teks te maak.[6] 'n Verantwoordelike lees van die teks beteken dus ook om seker te maak wat die teks wel sê én wat dit nie sê nie.

Tot sover is meestal gekonsentreer op die feit dat daar voortdurend na die Skrif geluister moet word, met enkele lyne oor die wyse waarop dit gedoen behoort te word. 'n Paar praktiese voorbeelde van die

6 Om 'n enkele voorbeeld te noem. Volgens MacDonald (1988:60) is daar altyd 'n verhouding tussen oortuigings, sosiale strukture en sosiale plasing. Hieruit lei sy dan af dat Paulus se teologie in 'n dialektiese verhouding tot die sosiale strukture van sy tyd staan. Dit hou volgens haar in dat 'n mens altyd die charismatiese gawes in die gemeente in Korinte moet saamlees met die natuurlike leierskapsrolle in die samelewing. Daarom sê sy dat die idee dat die leierskap in die gemeente in Korinte suiwer pneumaties was, verkeerd is. Sy mag dalk reg wees, maar die probleem is dat dit nie werklik deur die teks ondersteun word nie.

resultaat daarvan is genoem. Hieronder gaan nou verder gegaan word met die resultaat van die soektog na konstantes. Die volgende paragraaf is 'n samevatting van konstantes wat na vore gekom het in 'n vergelyking van die verskillende beelde van die kerk soos dit in die Ou Testament as geheel en die verskillende korpusse in die Nuwe Testament geteken word (vgl. Celliers 2003:202-218). Soos dit sal blyk, het ons wanneer die konstantes uitgelig en die geheelbeeld geteken is, nog nie 'n kerkorde nie. Dié kan immers net deur 'n bepaalde kerk vir sy eie omstandighede en tyd binne die raamwerk wat die konstantes vorm, uitgewerk word (Celliers 2003:219evv., 322evv.).

### 2.3 Die geheelbeeld saamgevat

Die kerk is 'n korporatiewe gemeenskap van individue wat in geloofsverbondenheid aan Jesus Christus lewe. Die kerk is op inisiatief van die Drie-enige God en op grond van sy vrye genade deur Hom in die lewe geroep om in hierdie wêreld as sy volk 'n eiesoortige bestaan te voer en sy getuies te wees tot met die wederkoms van Christus. Hoewel die kerk universeel van aard is, is dit op verskillende plekke plaaslik georganiseer as teokratiese, nie-hiërargiese gemeenskappe onder leiding van lidmate wat deur God tot besondere bedieninge geroep en toegerus word. Deur hierdie besondere bedieninge, wat veral verantwoordelik is vir die verkondiging van en die onderrig in die Evangelie van Jesus Christus, word die gemeentes afsonderlik en die kerk as geheel tot 'n eenheid saamgebind en toegerus, sodat elke lidmaat, die gemeentes as eenhede en die universele kerk in geheel sy roeping tot gehoorsaamheid, onderlinge liefde en getuienis kan vervul en die kerk se eiesoortige bestaan in die wêreld gehandhaaf kan word.

Enkele aspekte van dit wat in bogenoemde geheelbeeld na vore kom, word hieronder nader omskryf en verduidelik.

#### 2.3.1 God se handewerk

Dit is belangrik om te verstaan dat die kerk sy oorsprong by God vind en dus geen mensewerk is nie. Dit word gekonstitueer op grond van die inisiatief en deur die handelinge van die Drie-enige God self. Hierin speel elke persoon van die Drie-eenheid 'n unieke en eiesoortige rol. Die genoemde konstituering van die kerk kan beskryf word

as verbondsluiting, uitverkiesing, verlossing, loskoping, ens. In hierdie voortdurende proses speel geen menslike kwaliteite 'n rol nie en is dit slegs God wat in sy vrye genade en liefde besluit het om vir Homself 'n groep mense uit te soek om syne te wees. Dit is wel binne die ruimte van die verbond die individu se persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus wat 'n bepalende faktor vir sy deelwees van hierdie groep mense is. Die doop is wel ook die inlywingsritueel. Tog kry die doop eers praktiese betekenis in die individu se lewe deur die werking van die Heilige Gees wat geloof in die individu opwek (Celliers 2003:127, 203). 'n Mens kan hieruit sê dat God sy kerk skep en onderhou deurdat Hy individue deur sy Gees in geloof aan Jesus Christus bind. Hieruit blyk die eiesoortigheid van die kerk teenoor enige ander groepering van mense in die wêreld.

### 2.3.2 Die kerk is 'n gemeenskap

Al is die individu se persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus 'n bepalende faktor vir sy deelwees aan die kerk, is dit uit die hele Skrif duidelik dat die kerk korporatief van aard is. Daarom word die kerk ook beskryf as die verbondsvolk van God, die *ekklesia* of te wel vergadering van God, 'n dissipelgemeenskap, die liggaam van Christus, 'n kudde skape, die lote aan die wingerdstok, die huishouding of familie van God, 'n geestelike huis, 'n liefdesgemeenskap van broers. Gelowiges is in Christus juis aan mekaar gebind en kan nie sonder mekaar funksioneer nie. Die huidige individualistiese tydsgees is lynreg in stryd met hierdie eienskap van die kerk.

### 2.3.3 Afgegrens van die wêreld

Die kerk word in die Skrif geteken as 'n eiesoortige en afsonderlike groep mense in die wêreld naas die nie-christelike Jode en die heidene. Die grens van die kerk word getrek deur die gelowiges se geloofsverbondenheid aan Jesus Christus (in die Ou Testament die belydenis dat die Here hulle God is). Hierdie geloofsverbondenheid gaan benewens 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus ook oor die vashou aan die regte inhoud van dit wat die apostels (as oor- en ooggetuies van Jesus) oor Hom oorgelewer het en 'n gehoorsame leefwyse as vrug. Dit beteken dat die kerk se identiteit ten diepste lê in sy verbondenheid aan die persoon van Jesus Christus en die oorgelewerde tradisie

aangaande Hom, asook in sy eiesoortige leefwyse wat kultiese aanbidding van God insluit. Dit is uit die Skrif duidelik dat hierdie eiesoortigheid van die kerk se bestaan in die wêreld teenstand sal ontlok en die kerk mag nie daarvan terugdeins nie. Trouens, die kerk het juis die verantwoordelikheid om aan die Evangelie van Jesus Christus vas te hou, mense op te roep tot 'n blywende geloof in Hom, gehoorsaamheid aan Hom en aanbidding van Hom. Die kerk is immers die uitverkore volk van God wat as 'n historiese werklikheid deur Hom self deur die gang van die wêreld se geskiedenis na die toekoms wat Hy vir sy mense in gedagte het, gedra word. Daarom het die kerk die roeping om slegs aan Hom getrou te bly en te volhard tot die einde toe — 'n einddoel wat hy helder en vars voor oë moet hou. Dit is goeie vraag of dit deesdae genoeg klem kry in die kerk se manier van dink en doen, ook hier te lande.

### 2.3.4 Gerig op die wêreld

Die kerk is juis in sy eiesoortigheid gerig op die wêreld met die Evangelie van verlossing. In die eerste plek is die kerk se geloofsverbondenheid aan Jesus Christus en sy eiesoortige leefwyse op sigself 'n getuienis na buite en 'n uitnodiging aan die verlore wêreld om hulle toevlug tot Jesus Christus te neem en so deel van die kerk te word. In die tweede plek is die kerk egter ook 'n aktiewe draer en verkondiger van die Evangelieboodskap. Die kerk het dus 'n eksplisiete missionêre gerigtheid waarin die sin en betekenis van sy bestaan in die wêreld inderdaad geleë is. Dit wat dus binne die kerk gebeur, het altyd die doel om sy getuienis na buite te versterk en is nooit 'n doel op sigself nie.

### 2.3.5 Plaaslik en wêreldwyd een kerk

Terwyl die kerk as die een volk van God in die wêreld geteken word, en die eenheid beskou word as 'n gegewe en 'n roeping, en 'n saak om voor te bid (Johannes 17), is dit tog belangrik om op te merk dat die gemeente eintlik dwarsdeur die Nuwe Testament minstens veronderstel en as vanselfsprekend aanvaar word. In die Nuwe Testament word die gemeente geteken as die sigbare gestalte van die wêreldwye volk van God op 'n bepaalde plek. As sulks is dit dan volledig kerk.

### 2.3.6 'n Liggaam met 'n skelet

Terwyl geloof in Jesus Christus die grens van die kerk trek en as't ware die liggaam omlyn, is dit egter nie 'n soort skeletlose massa wat 'n beweginglose bestaan in die wêreld voer nie — dit word nie soos 'n jellievis bloot deur die strome van die wêreld heen en weer gedryf nie. Daar is 'n skelet en senings wat van die liggaam 'n beweeglike entiteit maak wat op 'n dinamiese wyse beskermend, versorgend en skeppend kan optree; 'n huishoudelike organisasie wat in plek is sodat die huishouding ordelik kan funksioneer, beskermend en versorgend kan optree en sy verantwoordelikhede in die samelewing kan nakom. Hierdie skelet of ordening kan vanuit die Skrif as volg beskryf word:

In die Ou Testament was daar drie basiese strukture wat moes sorg dat God se volk getrou bly aan hulle belydenis dat die Here hulle God is en dat hulle 'n eiesoortige bestaan kon bly voer in die land wat Hy aan hulle belowe en gegee het. In die kultiese struktuur met sy aanbiddingsplek, offers en feeste het die priesters veral 'n versoenings- en onderrigfunksie vervul, en moes hulle ook God se wil of woord bemiddel. In die regeringstruktuur het leiers- en koningsfigure die funksie gehad om die kultus te beskerm, die regspraak te bevorder en te beskerm, die volk te red van hulle vyande en sorg te dra dat die volk veilig en dus versorg in die land bly. Deur die meer algemeen godsdienstige struktuur van die profeet en wysheidsleraar is God se woord en wil aan sy volk bedien of bemiddel sodat hulle steeds gehoorsaam by hulle belydenis aangaande Hom kon bly en in geregtigheid kon bly leef.

In die tyd van Jesus Christus se openbare optrede was Hy in sy persoon die skelet en is die verskillende strukture in die Ou Testament in werklikheid in Hom saamgetrek. Hy het die twaalf dissipels, as verteenwoordigend van die kerk geroep om Hom te volg. Hiermee saam het Hy hulle en die ander wat Hom gevolg het, ook onderrig deur woord en daad. So het Hy met sy persoon, sy woorde en sy optrede, sy dissipels aan Hom gebind as 'n eiesoortige groep mense onder die Jode. Uiteindelik het Hy met sy dood en opstanding, asook die stuur van sy Gees, gesorg dat sy volgelinge in die wêreld kan leef as mense wat met God versoen en van hulle vyande verlos is. Diegene wat in

Hom glo, is nou deel van die kerk. Sy onderrig en optrede geld ook as beskerming vir sy mense in die sin dat hulle daardeur aan Hom gebind en weerbaar teen hulle vyande kan bly.

Na sy vertrek uit die wêreld was dit sy dissipels wat as die apostels onder leiding van die Heilige Gees die skelet of organisasie van die kerk gevorm het en wat dus moes sorg dat sy kerk getrou bly aan die belydenis dat Jesus die Here is, asook dat die kerk 'n eiesoortige bestaan kon bly voer in die wêreld. Alhoewel Jesus as persoon weg was, het Hy in die kerk voortgeleef deur sy Gees en in dit wat Hy geleer en gedoen het. As oog- en oorgetuies hiervan was die apostels die draers van die inhoud en betekenis hiervan. Hulle moes dit verkondig en die kerk hierin onderrig. Hulle was egter nie alleen die skelet nie. Die Heilige Gees wat deur God uitgestort is op sy kerk het hulle enersyds toegerus vir hulle roeping en andersyds gesorg dat dit wat hulle verkondig en onderrig, in mense se lewens vrug dra. Terwyl die Heilige Gees steeds die kontinuïteit met Jesus Christus as skelet van die liggaam in die kerk deur eeue handhaaf, was die apostels bloot tydelike oorgangsfigure tussen die tyd van Jesus se aardse verblyf en die bedeling van die kerk.

Die apostels het mettertyd verdwyn. In hulle plek het 'n hele verskeidenheid bedieninge onder aanwysing van God op die voorgrond getree. Midde-in die groot veelkantigheid van die beeld wat hierdie bedieninge in die Nuwe Testament vertoon, staan die funksie om voort te gaan om dit wat die apostels oor Jesus Christus geleer en verkondig het, te verkondig, sentraal. Saam met die deurlopende werk van die Heilige Gees was hulle die skelet wat van die liggaam 'n beweeglike entiteit gemaak het sodat dit op 'n dinamiese wyse beskermend, versorgend en skeppend kon optree. Anders gestel: die Heilige Gees en die besondere bedieninge staan in kontinuïteit met Jesus Christus as die struktuur van die kerk wat moes sorg dat die kerk getrou bly aan sy belydenis dat Jesus die Here is, sodat hy afgegrens van, maar gerig op die wêreld, kan bly leef.

## 3. IMPLIKASIES VIR 'N KERKORDE

Soos reeds gesê, vorm hierdie konstantes 'n Skriftuurlike raamwerk vir die orde van en in 'n gemeente indien hy wil aanspraak daarop dat sy ordening op die Skrif gegrond is. Om dit nader aan die praktyk te bring, word bepaalde implikasies vanuit die konstantes hieronder aan die orde gestel (vgl. Celliers 2003:219-326). Dit is steeds dinge wat op een of ander manier in alle kerklike ordening ter sprake behoort te kom om enersyds pragmatisme en willekeur te voorkom, maar andersyds ook die ruimte te skep vir verskeidenheid na die eise van plaaslike omstandighede.

3.1 Binne die ruimte van die verbond is geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van 'n gemeente en vorm dit die basis vir alle ander strukture wat gelowiges en gemeentes aan mekaar vasbind. Dit kan saamgevat word as die geloofsidentiteit van die kerk. Dit veronderstel 'n persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus,[7] 'n instemming met die inhoud van die Evangelie soos dit deur die kerk verstaan word (vgl. Wethmar 1993:50ev.), asook 'n bereidheid om volgens die eise daarvan te leef. Binne die gereformeerde tradisie was hierdie saak nog altyd baie belangrik. Dit is egter 'n vraag of dit deesdae steeds die geval is. 'n Verwatering van die drieledige geloofsidentiteit van die kerk is nie bloot 'n ongesonde onderbeklemtoning ten gunste van ander belangrike kenmerke nie, maar bring die geloofwaardigheid, die getuienis en ook die voortbestaan van die kerk in gedrang (vgl. Celliers 2003:235). Ook in 'n sogenaamde post-moderne era met sy relativering van die waarheid mag die kerk nie voor die versoekings van die tydsgees swig nie.

3.2 Terwyl geloof die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van 'n gemeente is, kan verskille tussen mense wel kerklike ordening beïnvloed, op voorwaarde dat dit gaan oor middelmatige sake,[8] die

7 Hiermee word nie bedoel dat die kerk sy oorsprong vind in menslike geloof nie. Dit is God wat self sy kerk skep en onderhou deurdat Hy individue deur sy Gees in geloof bind aan Jesus Christus (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 54; Celliers 2003:203).

8 Die tradisionele standpunt dat die onderskeid tussen wesenlike en middelmatige sake in die feit lê dat eersgenoemde op direkte voorskrifte in die Skrif berus en

goeie deurwerking van die Woord in mense se lewens dien en nie verdelend werk nie (vgl. voetnota 157 in Celliers 2003:240). Terwyl taalverskille hier as 'n goeie voorbeeld van verskille wat wel aan die kriteria voldoen, kan dien (Spies en Coertzen 1997:307; Celliers 2003:238ev.), is dit 'n vraag of subjektiewe bedieningsbehoeftes wel kan. Uit die geheelbeeld van die kerk in die Skrif kan eerder afgelei word dat lidmate by gemeentes behoort in te skakel op grond van objektiewe maatstawwe en nie uit willekeur nie. Dit is immers God self wat die Skepper van sy kerk, en dus van elke gemeente is.

3.3 Die gemeente is die sigbare gestalte van die universele kerk op 'n bepaalde plek (Celliers 2003:205) en is dus as volledige kerk (vgl. Celliers 2003:244evv.) die vertrekpunt vir kerklike ordening. Daarom is gelowiges net lidmate van 'n gemeente.[9] Die grootte en ordening van die gemeente moet van so aard wees dat hy sy geloofsidentiteit en getuienistaak ten volle kan uitleef, en dat die onderlinge verhoudinge tussen lidmate tot sy volle reg kan kom (vgl. Strauss 1997:69).

3.4 Kleingroepe is 'n waardetoevoeging tot die funksionering van die gemeente veral in die lig van die bydrae wat dit kan lewer ten opsigte van die belewenis van die gemeente as verhoudingsgemeenskap en die uitleef van lidmate se bedieningsverantwoordelikheid (vgl. Hendriks 1990:103ev.). Gemeentes moet so georden word dat kleingroepe wesenlik deel uitmaak van die groot geheel en as onderdele van die groot geheel funksioneer (vgl. Janse van Rensburg 1997:75ev.). Dit moet so gedoen word dat die gemeente as 'n korporatiewe eenheid bly funksioneer, en as sulks beleef word en sigbaar is. Die kleingroepe moet dus die eenheid van die gemeente dien. Die tendens om al hoe meer gemeentelike funksies

laasgenoemde nie (vgl. Kleynhans 1985:161), kan nie ongekwalifiseerd gehandhaaf word nie. Wesenlike sake is op voetspoor van onder andere Handelinge 15 eerder sake wat in die hart van die Evangelie lê en dus te make het met die kernsake van die geloof (Celliers 2003:237).

9 Dit is binne die ruimte van die gemeente, as volledige kerk, wat mense gedoop en onderrig word, belydenis van hulle geloof doen, hulle bedieningsverantwoordelikhede nakom en dalk getug word (Sadler 1991:75ev).

soos byvoorbeeld die sakramentsbediening na die kleingroepe te verskuif (Janse van Rensburg 1998:82), moet dus in die lig van die Skrif vermy word (Celliers 2003:267, 303).

3.5 Die besondere bedieninge is die skelet wat die gemeente as liggaam saambind en dit beweeglik en dinamies maak sodat elke lidmaat die ruimte het om sy bedieningsverantwoordelikheid na te kom (vgl. Celliers 2003:216evv., 276evv.). Dit is en het geen hiërargie nie, maar bedien die gemeente tog met Goddelike gesag (Jonker 1965:7). Dit hou in dat sekere funksies binne die gemeente steeds gereserveer moet word vir bepaalde persone in bepaalde besondere bedieninge. Hulle word immers deur God self daarvoor geroep en toegerus. Die Woordbediening in die erediens, kategese en kleingroepe, asook die sakramentsbediening wat in die erediens hoort (Celliers 2003:303), is hier 'n goeie voorbeeld.

3.6 Gemeentes kan 'n verskeidenheid besondere bedieninge as deel van sy bedieningstruktuur hê, maar die Woord van God en die bediening daarvan is wesenlik (vgl. Burger 1999:175ev.). Daarom móét een of meer besondere bedieninge met hierdie spesifieke opdrag 'n permanente plek in die bedieningstruktuur inneem. Benewens die leraar, sal dit 'n waardetoevoeging wees indien kategete ook in 'n besondere bediening bevestig word. Hulle is immers gemoeid met 'n wesenlik belangrike vorm van Woordbediening, naamlik die geloofsonderrig van dooplidmate.

3.7 Die geloofsidentiteit wat gemeentes deel, vorm die basis waarop hulle aan mekaar verbonde is om sigbaar volk van God in die wêreld te wees (vgl. Celliers 2003:204ev.). Gemeentes as volledige kerke word dus op grond van die geloofsidentiteit wat hulle deel, gedring om met mekaar in verband te tree. Daar is dus geen sprake van independentisme moontlik nie. Verder is dit ook in hierdie lig belangrik dat daar nie toegelaat mag word dat sake van middelmatige belang verskillende kerkverbande tot gevolg het nie, terwyl daar wel eenstemmigheid is oor wesenlike sake (vgl. voetnota 8 op p. 14). Die kerklike geskeidenheid onder gereformeerdes hier te lande is 'n voorbeeld van so 'n hartseer saak. Aan die ander kant moet steeds vasgehou word aan die belangrike beginsel dat dit juis die mate is waarin saamgestem word oor die wesenlike

aspekte van die belydenis wat die hegtheid van die bande tussen kerkverbande bepaal. ’n Verwatering van die waarheid van die Evangelie soos wat die huidige tydsgees vereis, kan ook die wesenlike van die eenheid van die kerk bedreig (vgl. Strauss 1991a:194).

3.8 Die kerk (gemeente) is die instrument waardeur God sy volk (kerk) laat voortbestaan tot en met die voleinding. Daarom mag die kerk nooit selfgerig lewe nie, en moet hy sy getuienis in en deur alle aspekte van sy kerkwees ten volle uitleef. Die kerk is immers vanuit sy aard op die wêreld gerig.[10] Hierdie wesenlike aspek van kerkwees is in die gereformeerde tradisie grootliks onderbeklemtoon (Celliers 2003:330). Terwyl daar volledig vasgehou moet word aan die suiwer Evangelie, en terwyl juis dít ’n wesenlike deel is van die kerk se getuienis na buite, moet hierdie Evangelie ook aktief na buite verkondig word deur woord en daad. Dit hou ook in dat die gelowiges as individue, maar die gemeente as geordende eenheid op so manier betrokke sal wees in die wêreld en sy strukture dat God se heerskappy oor sy totale skepping daardeur sigbaar sal word (Bosch 1991:377ev.; Coertzen 1991:77ev.).

3.9 Kerklike ordening is in die lig van ’n voortdurend veranderende wêreld nooit ’n afgehandelde saak nie.[11] Om te verseker dat dit ’n orde is wat die kerk op enige gegewe stadium die beste dien, moet alle relevante kennisvelde betrek word by die ordening van die kerk. Daar moet goed geluister word na die kerklike tradisie, want hoe die kerk in die verlede en die hede georden is, het nie uit die lug geval nie, maar is ook die resultaat van gelowiges se biddende luister na die Skrif in hulle omstandighede (Strauss 1991b:32). Daar moet ook geluister word na die sosiologie, sielkunde, bestuurs- en finansiële wetenskappe, siviele reg en toekomsstudies. Dit is immers deel van God se algemene openbaring. Dit alles egter op

10 The Christian faith ... is intrinsically missionary ... This dimension of the Christian faith is not an optional extra: Christianity is missionary by its very nature, or it denies its very *raisons d’être* (Bosch 1991:8ev).

11 ... as Jesus reminds us in various ways, traditions are made for humankind, not humankind for traditions, and out present circumstances call for innovation (Carroll 1997:291).

voorwaarde dat die Skrif as primêre bron vir alle kerklike ordening altyd die laaste woord sal spreek (Strauss 1991b:33). Dit is en bly immers God se besondere openbaring waarin Hy sy wil vir sy kerk bekend gemaak het, en dan ook sy wil vir die orde van en in sy kerk.

## 4. TEN SLOTTE — 'N KERKORDE WAT RUIMTE MAAK ÉN OOP BLY VIR DIE WOORD

Die laaste implikasie (3.9) onderstreep maar net weer die noodsaaklikheid dat die kerkreg en die praktiese teologie, asook die dogmatiek telkens weer sal gaan luister na die Skrif in sy geheel, en met mekaar daaroor praat. Nuwe omstandighede en eise vra nuwe wysheid, en dié is maar net te kry by God wat deur sy Gees en Woord sy kerk van alle tye lei en versorg. Ongelukkig het die kerk nie altyd goed geluister nie. Soms was dit wêreldvreemd, maar soms was dit ook Skrifvreemd. En soms was en is dit Skriftuurlik gesproke eensydig. Die gereformeerde tradisie by name het met sy eensydige klem op die suiwer leer die verhoudings- en missionêre aspekte van die kerk wat net so sterk deur die Skrif beklemtoon word, onderbeklemtoon. Dieselfde eensydigheid, of selfs wankelrige Skriftuurlikheid is te bespeur in van die kerkmodelle wat hedendaags vanuit 'n praktiese teologiese hoek ontwikkel (Celliers 2003:251; vgl. bv. Potgieter 1997:24ev.). Dit bly dus wesenlik belangrik dat die hele Skrif voortdurend goed beluister moet word, veral wanneer nuwe omstandighede nuwe eise stel.

Wanneer daar goed na die Skrif geluister word, is dit egter duidelik dat daar tog een saak is wat in hierdie verband wesenlik belangrik is en wat soos 'n goue draad deur die Skrif en die genoemde implikasies vir 'n kerkorde loop, naamlik die geloofsidentiteit van die kerk (Celliers 2003:331). 'n Persoonlike geloofsverbondenheid aan Jesus Christus, 'n instemming met die Evangelie soos die kerk dit verstaan en 'n gehoorsame leefwyse konstitueer die kerk, trek sy grense, is die inhoud van sy verkondiging, is die band wat gelowiges en gemeentes aan mekaar vasbind en is die voedingsbron vir die opbou van gelowiges en gemeentes. Dit is God wat hierdie geloofsidentiteit aan sy kerk te alle tye en in alle omstandighede in Jesus Christus gegee het, en wat dit

steeds gee en bly gee deur sy Woord en sy Gees. Dit is ten diepste hierdie geloofsidentiteit wat die struktuur vir alle kerklike ordening is, én waarvoor alle kerklike ordening die ruimte moet laat.

'n Goeie kerkorde is 'n kerkorde wat duidelik maak dat die kerk na alle kante toe oop wil bly vir die Woord van Hom wat alleen die Here van die here en die Koning van die konings is (Jonker 1965:31).

## BIBLIOGRAFIE

Banks R

1980. *Paul's idea of community. The early house churches in their historical setting*. Exeter: Paternoster.

Bosch D J

1991. *Transforming mission. Paradigm shifts in theology of mission*. New York: Orbis Books.

Bronkhorst A J

1947. *Schrift en kerkorde. Een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid van een "Schriftuurlijke kerkorde"*. Den Haag: Zuid-Hollandse Boek en Handelsdrukkerij.

Brown R E

1982. *The Epistles of John*. London: Chapman. (The Anchor Bible.)

1984. *The churches the apostles left behind*. London: Chapman.

Burger C

1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees. Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: BUVTON. (Gemeente en bediening 4.)

Burger C & Nell I (reds.)

2002. *Draers van die waarheid. Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente*. Stellenbosch: BUVTON. (Gemeente en bediening 7.)

Carroll J W

1997. New wineskins: tradition, freedom and the challenge of post-traditional society. *NGTT* 38(3):302-310.

CELLIERS A
2003. Skrif en Kerkorde. Enkele konstantes vanuit 'n veelkantige beeld. Ongepubliseerde D.Th.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

COERTZEN P
1991. *Gepas en ordelik. 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. (RGN-studies in metodologie.)

COMBRINK H J B
1980. Die Evangelie volgens Matteus: inleiding en teologie. In: A.B. du Toit (red.), *Handleiding by die Nuwe Testament*. Deel IV (Pretoria: N.G. Kerkboekhandel), pp. 62-108.

DEIST F E
1994. *Ervaring, rede en metode in Skrifuitleg. 'n Wetenskapshistoriese ondersoek na Skrifuitleg in die Ned. Geref. Kerk 1840-1990*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

DUNN J D G
1998. *The theology of Paul the apostle*. Edinburgh: T & T Clark.

ENGELBRECHT J J
1995. Opmerkings oor vroeë katolisisme in die Nuwe Testament, met besondere verwysing na die Briewe aan die Kolossense en Efesiërs, en die Pastorale Briewe. *HTS* 51(3):677-701.

GILES K
1995. *What on earth is the church? An exploration in New Testament theology*. Downers Gove: InterVarsity.

HENDRIKS H J
1990. Komplementerende koinonia-verbande. *NGTT* 31(1):99-108.

HENDRIKS H J & VAN DER MERWE M A V
1995. Strategiese teologiese beplanning as deel van 'n prakties-teologiese proses. *NGTT* 36(1):36-49.

HEYNS L
1992. Die besondere amp — essensieel of funksioneel. *Theologica Evangelica* 25(3):52-58.

JANSE VAN RENSBURG J
1997. Kleingroepe mits...! 'n Diakonologiese perspektief. In: R.M. Britz (red.), *Kleingroepbediening en selgemeente* (Bloemfontein: CLF), pp. 71-83. UV Teologiese Studies 9.
1998. Kla jou moeder aan. In: S.D. Snyman (red.), *Is die NG Kerk nog die NG Kerk? Antwoorde op die identiteitskrisis in die kerk* (Wellington: Hugenote), pp. 80-88.

JONKER W D

1965. *Om die regering van Christus in sy kerk*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika. (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika.)

KLEYNHANS E P J

1982. *Gereformeerde kerkreg. Deel 1. Inleiding*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

1984. *Gereformeerde kerkreg. Deel 2. Kerk en amp*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

1985. *Gereformeerde kerkreg. Deel 3. Kerkverband en kerkvergaderinge*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

1988. *Gereformeerde kerkreg. Deel 4. Die arbeid en betrekkinge van die kerk*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

KOTZE D J

1987. 'n Perspektief vanuit die sisteembenadering op die benutting van die kleingroep in gemeentebou. *NGTT* 28(3):170-175.

MACDONALD M Y

1988. *The Pauline churches. A socio-historical study of institutionalization in the Pauline and deutero-Pauline writings*. Cambridge: Cambridge University.

NEL M

1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.

PELSER G M M

1995. Die kerk in die Nuwe Testament. *HTS* 51(3):645-676.

POTGIETER M

1997. 'n Ander perspektief: 'n antwoord vanuit die selgemeente-model. In: R.M. Britz, (red.), *Kleingroepbediening en selgemeente* (Bloemfontein: CLF), pp. 19-29. UV Teologiese Studies 9.

POTGIDETER P C

1990. *Skrif, dogma en verkondiging*. Kaapstad: Lux Verbi.

SADLER T H N

1991. Lidmaatskap: gebruike in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. In: P.J. Strauss, (red.), *Byderwets en gereformeerd. Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt* (Bloemfontein: Pro Christo), pp. 65-76.

SCHNACKENBURG R

1974. *The church in the New Testament*. London: Burns & Oates.

SCHWEIZER E

1961. *Church order in the New Testament*. London: SCM.

SMIT C J

1984. *God se orde vir sy kerk — 'n beskouing oor kerkorde*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

1985. Kerkreg en Kerkorde in die lig van God se reg en orde vir sy kerk. Ongepubliseerde Th.D.-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christlike Hoër Onderwys.

SPIES J H & COERTZEN P
1997. Wie behoort as lidmate van die gemeente aanvaar te word? *NGTT* 38(3): 302-310.

SPOELSTRA B
1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering. 'n Handboek by die kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

STRAUSS P J
1991a. Kerkreg en ekumene. In: P.J. Strauss (red.), *Byderwets en gereformeerd* (Bloemfontein: Pro Christo), pp. 187-200.
1991b. Vanwaar gereformeerde kerkregtelike beginsels? In: P.J. Strauss (red.), *Byderwets en gereformeerd. Kerkregtelike opstelle opgedra aan P.B. van der Watt* (Bloemfontein: Pro Christo), pp. 23-34.
1997. Die Kerk en die kleingroep - kerkregtelike aantekeninge. In: R.M. Britz (red.), *Kleingroepbediening en selgemeente* (Bloemfontein: CLF), pp. 63-70. UV Teologiese Studies 9.

VAN DER LINDE G P L
1983. *'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde*. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

WETHMAR C J
1993. Ekumenisiteit in dogmatologiese perspektief. In: D. Crafford & A.G.S. Gous (reds.), *Een liggaam — baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika* (Pretoria: Verba Vitae), pp. 44-55.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
| --- | --- |
| Skrif | Scripture |
| Kerkreg | Church Polity |
| Kerklike struktuur | Church structure |
| NG Kerk | Dutch Reformed Church |